

'n See van liggies en pienk
en wit blomme in 'n 'Franse
dorpie' in die Boland



'n Tunnel van liggies

Lisa-Marié (Smit) & Francois de Villiers

Die onthaalsaal was te groot vir die klein groepie gaste,
toe maak hulle 'n slim en baie stylvolle plan ...

FOTO'S ADENE NIEUWOUT



Die bruidspaar open die
dansbaan op Cider Sky se
romantiese *Northern Lights*.
LINKS is die treffende
lang rouhouttafel met sy
blommedak in 'n waterval
van feeliggies.

Die ligte reën van die oggend het vir pragtige vars foto's in die vrugteboorde gesorg. Lisa-Marié is 'n geoktrooieerde rekenmeester en Francois is 'n ingenieur in sagteware-ontwikkeling.



Die bruidsruiker was 'n kombinasie van wit en koraalkleurige rose, fyn koraalpienk takkies en sagte groen loof.



Links onder is die sitgedeelte met gemakstoel vir gaste en regs is die elegante lang tafel in die tunnel van liggies.



Die tema – 'n romantiese Paryse straatparty. Die toneel – 'n keurig gedekte tafel vir 45 en 'n gordyn van oorvloedige feeliggies wat die gaste soos 'n tunnel omvou. En bo-op ... 'n tuimelende blommedak van orgideë, wit rose, koraalpienk tulpe en sagte groen loof. Francois en Lisa-Marié wou seker maak hul troudag by Kleinevalleij naby die Bolandse dorp Wellington is 'n geleentheid wat hulle saam met hul naaste familie en vriende sal geniet en onthou. Omdat die onthaalokaal so groot is, het troubeplanner Hannes Maritz die idee gekry om dit te verdeel in 'n eetgedeelte, 'n sitgedeelte en 'n dansbaan. En dit het perfek gewerk, veral die lang houttafel, want dit het die warm gevoel van 'n intieme ete vir hartsmense geskep. Die dag het reënerig begin, maar teen vroegmiddag het die son deurgebreek om helder oor die bruidspaar se mooiste oomblik te skyn.

Een groot muur is versier met vinylkuns wat 'n huis in 'n Franse dorpie voorgestel het om die straatparty-tema te beklemtoon.



Pleks van 'n troukoek, was daar 'n nagereg-buffet met lekkernye soos pepermenttert, sjokolade-mousse (REGS), crème brûlée (HEEL REGS), suurlemoenmeringue, mini-melktertjies, aarbeikaaskoek (REGS ONDER), brownies en malvapoeding. Elke gas het 'n rooi fluweel-kolwyntjie (ONDER) met bessies bo-op in 'n dankiesê-boksie gekry.



Lisa-Marié sê

Dra gemaklike stapskoene, want jy gaan heelaand op jou voete wees. Gebruik verskaffers om die onthaalvenue te versier en ná die troue weer op te ruim sodat almal die dag ten volle kan geniet.





Wit en pienk tulpe, rose en peonies is in klein blou en turkoois porseleinblompotjies op die houttafel gegroepier.



Lisa-Marié het 'n Isabella-trourok van dupion-sy, tulle en chantilly-kant gedra. 'n Halslyn is geskep deur skadu-kantwerk, wat op die wye romp met chantilly-kant herhaal is. Die middellyf is met diamanté-detail beklemtoon. Daarby het Lisa-Marié 'n sluier van sagte kant gedra.



Die egpaar by die troukar, 'n 1958- Ford Fairlane.

VERSKAFFERS

Venue

Kleinevalleij Wedding and Conference Centre, 021 873 0075, www.kleinevalleij.co.za

Spysenier

Malita Joubert Spyseniering, 083 227 1950

Troubeplanner

Hannes Maritz van [kraak] - 072 915 2226, www.kraak.co.za

Fotograaf

Adene Photography, 082 076 6017

Musiek

Alwyn van Baha Entertainment, 072 574 6923

Blomme en dekor

Heike le Cordeur van Fleur le Cordeur, 082 621 7455

Beligting, meubels en konstruksie

In & Out Events, 076 471 2876

Tafels

Goeters, 082 840 2928

Trourok

Elbeth Gillis, 021 423 2220, www.elbethgillis.co.za

Hare en grimering

Alicia Buckle, 073 376 5340, www.aliciabuckle.co.za

Stoele

Wilgenhof Estate, 071 896 5321

Troukar

FC van SA Classics, 082 823 8393

Soetgoed

Tina Maritz van Pondok, 083 297 4817